Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 9

14 Maart 2025

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

LANGNAWEEK
Die skool sluit Donderdag, 20 Maart 2025 vir 'n lang naweek. **Die dag gaan ons 'n Vrydagrooster volg wat beteken die skool sluit om 12:45 vir al die leerlinge.** Daar sal ook geen sport die middag wees nie.

AFLOSPERSONEEL
Indien daar enige gekwalifiseerde onderwysers is wat beskikbaar is om soms uit te help (darem nie verniet nie) by die skool wanneer personeel siek is of met kursus is, moet u asseblief u inligting deurgee sodat ons u kan kontak.

Laat weet asseblief vir ons wat u kwalifikasies is en ook u kontaknommer. By voorbaat dankie vir u bereidwilligheid om ons by te staan.

KOMMUNIKASIEKAARTE
Die kommunikasiekaart is presies wat sy naam sê dit is, naamlike 'n kommunikasie-hulpmiddel. Dit is nie 'n strafkaart nie, want dit het ook 'n positiewe kant. Dit wat die leerlinge goed doen word aan u deurgegee en ons hoop u prys en beloon u kind vir elke positiewe inskrywing.

Ons gaan ook alle verkeerde oortredings neerskryf en aan u stuur, sodat u dit met u kind kan bespreek. **Nie alles wat op die negatiewe kant geskryf word, word in aanmerking geneem vir detensie nie.** Slegs ernstige en huiswerk-verwante oortredings word deur die dissiplinehoofde in ag geneem as dit kom by die bepaling vir wie die detensieklas moet bywoon.

BOODSKAPPE : KANTOOR
Ons versoek u as ouers om asseblief nie onnodig die kantoor te skakel om boodskappe aan kinders oor te dra nie. Luister en hoor is kardinale vaardighede wat elke leerling, klein en groot, moet bemeester en dit kan reeds by die huis begin. Hou by bestaande reëlings en roetines wat oplaai-tye en -plekke aanbetref. Te veel onderrigtyd gaan verlore weens gedurige onderbrekings van uit die kantoor met boodskappe aan leerlinge.

BELANGRIKE KENNISGEWING RAKENDE OUERS SE GEDRAG OP SKOOLGRONDE
Let asb. daarop dat u as ouer/voog ***ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE*** reg in eie hande mag neem en ‘n leerling verbaal of fisies mag dissiplineer op die skoolgronde nie. Indien ‘n kind se optrede volgens u nie na wense is nie, moet u asb. die lynfunksie volg deur eerstens ‘n personeellid/nasorgdame te roep om die saak te hanteer. Die personeellid/nasorgdame sal die aangeleentheid daarna hanteer en aan ‘n bestuurslid rapporteer. Ouers wat hulself skuldig maak aan bogemelde gedrag, mag toegang tot die skoolterrein geweier word. Ons doen ‘n beroep op u as ouer om asb. ander kinders met die nodige respek te hanteer soos u wil hê ander ouers u kind moet hanteer wanneer u nie teenwoordig is nie.

AANSOEK OM TOELATING 2026: GRADE R TOT 7
Ons is baie opgewonde na ons twee opedae. Die opkoms was goed en ons sien uit na almal wat gaan aansoek doen. **Ons versoek voornemende ouers vriendelik om nuwe aansoeke so spoedig moontlik by die skool in te dien, want sentrale inskrywings by die departement vir graad R en graad 1 gaan ‘n rol speel.**

Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Bestaande ouers moet ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R of graad 1 in 2026 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

VAKANSIENASORG: APRIL 2025
Die beheerliggaam het daartoe ingestem dat ons ‘n opname maak om vas te stel hoeveel ouers ‘n daadwerklike behoefte het om tydens die Maartvakansie van ons nasorgdiens gebruik te maak. Dit kan slegs aangebied word indien daar ten minste 10 kinders is wat daarvan gebruik wil maak.

Die voorgestelde tydperk is:

1. **Maandag, 31 Maart 2025 tot Vrydag, 4 April 2025 (5 dae). (Skole sluit Vrydag, 28 Maart 2025 en heropen Dinsdag, 8 April 2025)**

U moet asseblief onderneem om die nasorgtye, nl. 07:15-17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R450, per kind, en R850 vir 2 kinders vir die vyf (5) dae. Die bedrag is vir die volle tydperk, vooruitbetaalbaar.

Daar is beperkte spasie. Sperdatum vir aansoeke is Woensdag, 19 Maart 2025.

NUWE NAAMBALKIES: R30 ELK
Leerlinge wat nuwe naambalkies in die toekoms gaan aankoop gaan die nuutste, aangepastes kry. Daar gaan nou ‘n rooi en ‘n blou balkie te koop wees. Die kleur wat u kind kry sal volgens die kleurspan wees waarby u kind ingedeel is vir atletiek.

KLEREWINKELTYE
Maandae 07:30 – 12:00
Woensdae 12:00 – 14:30
Vrydae 07:30 – 12:00

SKOOLDRAG
Die leerlinge moet die korrekte somersdrag aantrek. Ons versoek u vriendelik om daarby te bly. Die dra van die skoolbaadjie tydens die saalbyeenkoms op Maandae is verpligtend. Die voorskrifte daarvoor verskyn in die gedragskode-dokument onder die "beleidsdokumente" op ons google drive-inligtingsplatvorm. Die skakel daarvoor is:
https://drive.google.com/drive/folders/1Js5mo6zV_heYEpqZroY6b68XWa3pUMOt?usp=sharing

MNR. EN MEJ. OOS-KAAP
Die jaarlikse Mnr. en Mej. Oos-Kaap se eerste rondte vind Saterdag, 15 Maart plaas. Ons moedig alle leerlinge aan om aan hierdie wonderlike geleentheid om ons skool te verteenwoordig deel te neem. In 2024 het ons Newtons die trofee vir die meeste verteenwoordiging gewen. Ons sal graag hierdie jaar dit weer wil doen! Inskrywingsvorms is by Mej. L. de Wet beskikbaar.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SNOEPIE : KARRI-TOEP
Hiermee 'n paar wenke om die gebruik van die KARRI-toep te vergemaklik:
Indien u meer as een kind in die skool het, plaas al die bestellings onder een kind se naam en reël met u kinders om die bestellings onder mekaar uit te deel. Sodoende spaar u op ekstra bankkostes.

Daar word slegs 'n boodskap vir Maandae se spyskaart uitgestuur, maar sodra u die toep oopmaak, is die hele week se spyskaart gelaai. Ons moedig u aan om, vir administrasie doeleindes en besparing op ekstra bankkostes, u bestelling vir die hele week vooruit te plaas. Bestellings vir die nuwe week maak Vrydae om 14:00 oop en sluit soggens om 07:00 vir die spesifieke dag.

SKOOLGELDE 2025
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2025. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **'n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite nie deel van die skool se vrywillige program is nie.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R tot 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2025 sal 'n 5% korting toegestaan word.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK



Geniet die naweek saam met u kinders!

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 17 Maart	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00** Krieket: 0/13A teen Charlo A **(t)** Krieket: 0/13B teen Blouwaterbaai **(w)** Krieket: 0/11A teen Charlo A **(w)**
Di – 18 Maart	:	Krieket: 0/11B teen Blouwaterbaai **(w)** **Rugbyproewe: 0/13 by Charlo**

Wo – 19 Maart	:	Klerewinkel **12:00 tot 14:30** Rugby: 0/13A teen Verkenner **(t)**
Do – 20 Maart	:	**Graad R + 1 Tjokkerkapperjolle** **SKOOL SLUIT OM 12:45**
Vr – 21 Maart	:	MENSEREGTEDAG : Openbare vakansiedag
So – 23 Maart	:	*** Juf. Munique Oosthuizen verjaar**

SPORT EN KULTUUR

DESPATCHFEES : RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
7 Maart	0/13A	Frans Conradie	LNP verloor 5 – 12
7 Maart	0/13A	Gamtoosvallei	LNP verloor 12 – 19

DESPATCHFEES : NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
7 Maart	0/13A	Susannah Fourie	LNP wen 8 – 2
7 Maart	0/13A	Frans Conradie	LNP wen 19 – 3
8 Maart	0/13A	Kirkwood	LNP wen 16 – 5 en dus gekroon as ***Despatchfeeswenners*** 2025! BAIE geluk, meisies – julle maak ons trots!

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
11 Maart	0/9A	Herbert Hurd	LNP teken 26 lopies aan en verloor 2 paaltjies. Herbert Hurd teken 27 lopies aan en verloor 9 paaltjies. LNP wen 13 teen oor 3
11 Maart	0/9B	Herbert Hurd	LNP teken 17 lopies aan en verloor 2 paaltjies. Herbert Hurd teken 20 lopies aan en verloor 2 paaltjies. Herbert Hurd wen 10 teen oor 8.5

SKAAK

Sebastian Kapp in graad 7D en Amelie Kapp in graad 3D het verlede Vrydag en Saterdag aan die tweede rondte van die NMBCU trails deelgeneem. Hierdie rondte het in Uitenhage plaasgevind en hulle het soos volg presteer:

Amelie Kapp: Eerste in haar ouderdomsgroep waar sy 5 van haar 6 wedstryde gewen het.

Sebastian Kapp: Eerste in sy ouderdomsgroep waar hy ook 5 van sy 6 wedstryde gewen het.

Baie geluk, julle!

BERGFIETSRY

Ewan Wolmarans in graad 2B het op 9 Maart, Laerskool Newtonpark by die “NMB district school cycling mountain bike rocket circuit” verteenwoordig en ‘n eerste plek behaal. Baie geluk, Ewan!

Who will be the best represented school in 2025?

Mr & Miss EC Primary Schools

This prize is awarded to the school that has the most entries into the competition

2024 best represented school is

Laerskool Newtonpark

Who will receive the floating trophy and a cash prize?

2025

Registrations: 15 March 2025

Address:The Emmanuel church, 31 Macon Road, Lorraine

At our registrations learners are required to come in wearing school uniform between 10:30 and 15:30 to introduce themselves to our judges in english.

The judges will interview the learners and give them a score, they will immediately be notified if they have made it through to the finals.

Please note the following:

- You may enter and pay on the day
- If you have already entered the learners they must still come and introduce themselves in person and receive scores by the judges
- You can come anytime between 10:30 and 15:30 and once the learner has been interviewed they may leave
- We do have a tuckshop available